# Inhoud

## Kwartaal 2: Week 11 tot 15

**Storie 1:**

Op soek ................................ 2



**Storie 2:**

Gogga ................................ 9



EXTRACT PAGES

# Op soek



EXTRACT PAGES

Juffrou sê: “Julle gaan dinge soek.
Julle gaan al om die skool loop.
Julle gaan mekaar help.
Julle gaan mooi kyk.”
Ons gaan dinge soek!

Elkeen kry ’n kaart.
Elkeen kry ’n maat.




EXTRACT PAGES

Ons kyk mooi na die kaart.
Ons lees en kyk.
Wat gaan ons soek?



EXTRACT PAGES

Ons loop oor die groen veld.
Ons kry ’n groot boom.
Ons sien ’n nes in die boom.
Ons soek na nog dinge.


EXTRACT PAGES

Ons loop en loop.
Ons sien sonneblomme.
Die sonneblomme is geel.
Ons soek nog dinge.


EXTRACT PAGES

Ons soek na ’n insek.
Waar is die insek?
Hier is ’n wurm!
Ons teken die wurm.
Ons soek nog dinge.




Ons gaan nog iets soek!
Wat gaan ons nou soek?
Ons soek vir Juffrou.
Waar is Juffrou?




Juffrou gee vir ons koekies.
Dankie, Juffrou!
Ons hou van koekies.
Dit was lekker om dinge te soek!

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Verduidelik wat 'n kaart is.
2. Noem nog twee insekte.
3. Watter diere bly nog in bome?